# DIE HUISGENOOT

*Geïllustreerde Weekblad*

*Onder redaksie van J. M. H. Viljoen* — *Uitgegee deur Die Nasionale Pers, Beperk, posbus 692, Kaapstad*

DEEL XXIII, No. 876 — 6 JANUARIE 1939 — AAN DIE HOOFPOSKANTOOR GEREGISTREER AS 'N NUUSBLAD — PRYS 4d.


## ONS VOLKSANG

DIE toestand van ons volksang en die plek van musiek in ons volkslewe was die onderwerp van 'n referaat wat prof. Gerrit Bon van die Universiteit van Pretoria voor die jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Akademie gelewer het. Dit was nodig dat die verwaarlosing en miskenning van musiek en musici en die groot behoefte aan musikale uiting wat daar bestaan 'n slag prominent onder die aandag van die volk gebring word. Daarom verwelkom ons sowel die aanklag van prof. Bon as die groot publisiteit wat dit geniet het. Regverdigheidshalwe moet ons egter byvoeg dat die belangrikste dele van sy betoog reeds lankal en oor 'n tydperk van etlike jare deur musiekliefhebbers en -kritici in die pers beklemtoon is. Dat hul proteste flou moes opklink uit die agterste dieptes van die nuusblaaie was nie hulle skuld nie: eeufeeste kom maar een maal elke honderd jaar voor, en windstiltes in die buitelandse en binnelandse politieke nuus val selde saam. Die Afrikaanse pers behoort dus saam met die „werklike kultuurleiers, die intelligentsia", onder die voorslag deur te loop.

Tog meen ons dat prof. Bon in sy ontleding van die faktore wat bygedra het tot die haglike agterstand van ons volksang en musiek, die klem soms verkeerd plaas. Volgens afkoms (Hollands en Frans) is ons 'n onmusikale volk wat sy suiwerste uiting elders as in die musiek vind; en tot aan die begin van hierdie eeu het ons feitlik nog onder pioniersomstandighede geleef in 'n onafgebroke stryd om die blote bestaan. Daarna, maar deels ook gelyktydig daarmee, het die stryd van die Afrikaner om sy nasionale en geestelike voortbestaan gekom: hy moes nie alleen veg vir sy regte, sy taal en sy volksbestaan nie, maar ook om sy broer en sy volksgenoot Afrikaner te hou. Dat ons kultuurleiers hul hande hiermee meer as vol gehad het en dikwels nog het, is verstaanbaar; ook dus hul onkunde van musiek en musici. Wie 'n besef het van watter taai stryd dit was en soms nog is, mag hierin selfs 'n regverdiging vir hul onkunde vind, sonder om egter daarmee te kenne te gee dat daar vandag nog rede bestaan waarom die onkunde en minagting moet voortduur. By hierdie stryd het daar ook nog die stelselmatige oorplanting na Suid-Afrika gekom van die uitwasse van die dekadente Viktoriaanse kultuur. In hul eenvoud en hul strewe om van die gevoel van minderwaardigheid, wat hulle op allerlei subtiele maniere ingeprent is, ontslae te raak, het Afrikaners daardie kultuur begin aanneem. Die uitwerking hiervan is gou gevoel. In die suidwestelike graandistrikte, om maar een voorbeeld te noem, het die jolige volksliedere wat met oes-, dors- en parstyd en by geleentheid van Nuwejaar gesing en op gedans is, geleidelik verdwyn. Beter masjinerie het die aantal werksmense verminder, die oes- en dorstyd korter gemaak en ook hul rol gespeel. Maar die sielkundige faktor was baie sterker: die eie volksliedere is verag omdat hulle te veel na die grond en die sweet van die boerseun geruik het. Uit die opleidingskolleges en skole het die dogters met nuwe „songs" gekom, en 'n mens het nie meer op 'n misvloer gedans nie, maar ordentlik in 'n nuwe sitkamer na sentimentele liedere gaan sit en luister. As 'n groep het die „intelligentsia" van prof. Bon aan hierdie psigologiese infeksie ook nie ontkom nie. Heimelik is hierdie „goeie musiek" fel verag, omdat die voosheid en onegtheid vir almal behalwe die beoefenaars daarvan aanvoelbaar was. Maar sy kwaad het hy gedoen: die gesonde en eenvoudige op die agtergrond gedring en 'n onverskilligheid geskep vir alles wat werklik goeie musiek was. Die geweldige populariteit deesdae van die verskillende boere-orkeste moet grotendeels daaraan toegeskryf word dat die mense weer na volksliedjies kan luister sonder om te voel dat hulle hul daaroor behoort te skaam. Wanneer hulle weer eendag hul regmatige plek ingeneem het, sal die geesdrif wat hierdie volksliedjies vandag uitlok — iets waaroor party musiekliefhebbers hulself ontstel — vanself bedaar tot normale besitterstrots.

Met hierdie paar wysigings in gedagte kan ons verder prof. Bon se ontleding van die faktore wat vir die treurige toestand van ons volksang en musiek verantwoordelik is, onderskryf. As ons egter die kunslied, wat uit die aard van die saak omtrent nooit ook volkslied is nie, uitsluit, dan is ons voorraad volksliedere nie so gering as wat prof. Bon wou te kenne gee nie. En vir 'n oorname van Hollandse volksliedere, soos iemand voorgestel het, is daar ook geen regverdiging nie. Die meeste van hulle sou buitendien ook glad nie by ons pas nie. Die F.A.K.-bundel bevat verreweg nie 'n volledige versameling volksliedjies nie, en indien iemand die moeite wil doen, sal hy genoeg materiaal vind om 'n tweede bundel uit te gee. Bekendheid met hierdie volksliedjies en -liedere ontbreek egter by die grootste gros mense, en voordat dit nie verhelp word deur voor die hand liggende middele, soos die stigting van sangverenigings, die grootskaalse aanskaffing van die F.A.K.-bundel en die samekoms van mense op gesellige geleenthede nie, sal Afrikaners bly honger na hierdie soort musiek. Professionele musici is ook nie van alle blaam vry te spreek nie. Geeneen van hulle het sover ons weet die oorspronklikheid aan die dag gelê om boekies wat van 'n Suid-Afrikaanse gees deurdrenk is vir beginners in instrumentale musiek uit te gee nie. Die moderne Amerikaanse en Engelse boeke vir aanvangsonderrig in klavierspel, byvoorbeeld, word om hul uitnemendheid oral deur Afrikaanse leerlinge gebruik. Die grootste gedeelte van die melodieë daarin is Europese of Amerikaanse volkswysies. Sulke boeke vir aanvangsonderrig, van gelyke standaard as die oorsese werke, maar met ons eie volkswysies vir materiaal, ontbreek na al die jare van formele musiekonderrig nog altyd.

Waar dit gaan om die waardering van die Europese musiekkultuur, die werke van die groot musiekmeesters, wat die erfenis van die hele mensdom is, word die saak moeiliker. Die Afrikanervolk as geheel, laat ons dit maar beken, is totaal sonder die tradisies om na goeie musiek te luister. Tot in die nabye verlede het die geleentheid daartoe, behalwe in enkele stede, totaal ontbreek. En vandag is die draadloos en die grammofoon feitlik die enigste middele wat kennismaking met en 'n geleentheid tot waardering van kunsmusiek bied. Soos met die waardering van alle skone dinge is ook die waaragtige waardering van musiek 'n indiwiduele saak wat elke mens terugvoer na sy eie binneste kring van stilte en eerlikheid. En mense wat werklik in staat is om goeie musiek te waardeer, is selfs in die sogenaamde musikale lande maar gering in getal. Maar selfs al is dit so, is daar baie wat gedoen kan word om 'n liefde vir goeie musiek te kweek. In ons skole kan daar geleidelik bevoegde persone aangestel word wat musiekwaardering dwarsdeur die primêre en die sekundêre klasse met sang as grondslag kan doseer. Op die groter plaas- en dorpskole kan onderwysers en ouers saamwerk om 'n goeie grammofoon en plate van 'n goeie gehalte aan te skaf. Net soos die skoolbiblioteek met staatsondersteuning en deeglike organisasie 'n sentrum vir boekeverspreiding in 'n bepaalde omgewing kan word, so kan die skoolgrammofoon 'n middel word om in 'n bepaalde omgewing se behoefte aan goeie musiek te voorsien. Sonder om die gewone prettige byeenkomste waar volksliedjies gesing word in die wiele te ry of hulle as minderwaardig te gaan beskou, kan genotvolle musiekaande in die skoolsaal 'n instelling word. Ook in ons kerke kan ons pragtige Protestantse kerkmusiek geleidelik in ere herstel word deur die uitvoering daarvan 'n integrale deel van die diens te maak. En soos prof. Bon aangedui het, sal ons teologiese studente musiek en sang moet studeer om saam met hul orreliste uitvoering hieraan te gee.

Ons kultuurleiers en intelligentsia het dus 'n wye aarde voor hulle wat braak lê en hulle uitdaag om die hand aan die ploeg te slaan, en ons vertrou dat prof. Bon se rede 'n spoorslag tot die daad sal wees.

---

## Nuwe Ampsdraers van die Akademie

DIE nuwe Akademieraad, wat die volgende twee jaar in Bloemfontein setel, bestaan uit die volgende persone: Prof. dr. D. F. Malherbe, mnre. S. H. Pellissier en L. W. Hiemstra, dr. P. C. Schoonees en dr. E. C. N. van Hoepen.

Die vernaamste kommissies is as volg saamgestel: Taalkommissie (herbenoem): dr. S. P. E. Boshoff (sameroeper), proff. D. B. Bosman, T. H. le Roux en D. F. Malherbe en mnr. L. W. Hiemstra.

Kunskommissie: Prof. dr. C. G. S. de Villiers, min. H. A. Fagan en mnr. I. M. Lombard (sameroeper).

Letterkundige kommissie: Dr. P. C. Schoonees (sameroeper), prof. dr. D. B. Bosman en prof. J. J. Dekker, met as secundi: proff. M. S. B. Kritzinger, T. J. Haarhoff en J. F. W. Grosskopf. Prof. Dekker het egter staande die vergadering bedank, dus sal hy vervang word deur een van die secundi. Hierdie kommissie sal moet beslis oor die toekenning van die Hertzogprys vir Afrikaanse romans. Naas hierdie kommissie is 'n Breë Letterkundige Kommissie wat uit 'n vyftiental lede bestaan en wat seggenskap sal hê in verband met die toekenning van die Hertzogprys.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012